

Vuk'uzenzele

**JOBS
INSIDE:**


Produced by Government Communications (GCIS)

Afrikaans/English

| September 2016 Edition 1



Minister in The Presidency for Planning, Monitoring and Evaluation, Jeff Radebe announced a plan to support small business and cooperatives.



**Celebrating
SA's heritage**

Page 4



**Ikaheng builds
the community**

Page 15

**Team South
Africa flies the
flag high**

Page 16

Small businesses get a boost

Noluthando Mkhize
and Neo Semono

Government has given South African small businesses and cooperatives a lifeline.

This after government announced that it has set aside 30 percent of its procurement spend for services from small businesses, and cooperatives.

Minister in The Presidency for Planning, Monitoring and Evaluation, Jeff Radebe,

announced this shortly after the Cabinet Lekgotla held recently.

He said a new Procurement Bill developed by National Treasury that will be introduced next year, would ensure that 30 percent of government contracts are set aside for small companies, cooperatives and township businesses.

"Government would introduce legislative amendments to implement the 30 percent

set aside to unlock the potential of SMMEs, cooperatives and the township and rural enterprises. This would be done by March 2017," said Minister Radebe.

He added that this was part of government's evaluations of financial incentives for business to strengthen and achieve greater value for money to enhance more inclusive growth.

Government will continue to focus on labour-intensive

sectors, including the need for various mechanisms to support greater impact on jobs, such as the use of the incentive programmes, amongst others: clothing, textiles, leather and footwear value-chain; agro-processing and business process services.

The economy was top of the agenda at the Cabinet Lekgotla as government assessed its

Cont. page 2

Protect your social grant

Gabi Khumalo

The South African Social Security Agency (SASSA) has urged social grant beneficiaries to make other arrangements with financial service providers to pay their premiums. This follows the amendments of

the regulations of the Social Assistance Act of 2004, where some social grant beneficiaries will have to make other arrangements regarding the payment of funeral insurance premiums.

The amendment of the regulations was a necessary and responsible step taken by SASSA and the Department

of Social Development in order to protect vulnerable beneficiaries against dishonest financial service providers.

"The law allows for only a maximum of 10 percent of the grant value to be deduct-



ed and requires that SASSA should be informed when-

Cont. page 2

ALSO AVAILABLE ON:



t @VukuzenzeleNews

f Vukuzenzele

Websites: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0179

Free Copy

Landelike ekonomie verbeter lewens

Siya Miti

Inisiatief in landelike gebiede in die Oos-Kaap is besig om groot vordering te maak in die bemagtiging van vroue en die jeug.

Verskeie gemeenskappe pluk deesdae die vrugte van Indibano Projekte, 'n organisasie onder voorsitterskap van voormalige minister Lindiwe Hendricks.

"Die hele idee agter Indibano is om terug te ploeg."

Indibano Projekte werk met landelike gemeenskappe saam om ekonomiese ontwikkeling te bewerkstellig. Die doel is om geld vir ontwikkelingsprojekte in te samel, veral in die landbou, en om landelike gemeenskappe met die onderskeie rolspelers betrokke te kry.

Indibano is deur Phambili



Lede van die Zulukama Gemeenskapstrust bedryf suksesvolle wolversamelpunte naby Whittlesea, Oos-Kaap.

Vuna, 'n maatskappy wat deur Hendricks en haar man, die ouditeursfirma PwC, en Kula Investments, 'n Oos-Londense maatskappy wat op landelike ontwikkelingsprojekte fokus, gestig is.

"Die hele idee agter Indibano is om terug te ploeg." Ons besef die Regering kan

nie oral wees nie en ons doen 'n beroep op die private sektor om te help om landelike ontwikkeling te stimuleer," sê Hendricks.

Die projek het die Zulukama-gemeenskap naby Whittlesea ondersteun, waar die gemeenskap wolversamelpunte bedryf om toegang tot

die mark te kry.

"Ons het vennote soos die Amathole Distriksmunisipaliteit om te help. Die municipaliteit het ooie en ramme geskenk en die gemeenskap is in skaapskeer en teling opgeleid," sê Hendricks.

Die Zulukama Gemeenskapstrust het nou sewe

skaapkoöperasies, elk met 100 ooie en vier ramme, wat die totale aantal skape op 728 te staan bring. Die aantal skure het sedert sy ontstaan in 2006 tot 22 gestyg.

Hendricks sê die sukses van die wolversamelpunte toon dat daar rykdom in landelike gebiede is. ■

•••

Siya Miti

Inwoners van die Ncera-nedersetting buite Oos-Londen baat by 'n makadamiaplaasprojek wat onlangs in die omgewing bekend gestel is.

Makadamias is eetbare neute.

Indibano Projekte, 'n inisiatief wat daarop gemik is om vroue en die jeug in landelike gebiede in die Oos-Kaap te bemagtig, is aan die voorpunt van die uitbreiding van makadamiaplantasies.

Die uitbreiding word gedoen deur die AmaJingqi tradisionele nedersetting in Willowvale, onder hoofman Dumalisile.

"Indibano Projekte het by EG Macadamia aangesluit, wat reeds op Ncera-plase as fondsinsameling-vennote gewerk het, vir die uitbreiding van die makadamiaprojek in die Oos-Kaap. Ons samel geld in vir alles nuut rakende makadamiaplantasies in die provinsie," sê Lindiwe Hendricks, stigterslid van Indibano Projekte.

Die 300 ha-terrein produseer 50 000 ton makadamias per jaar.

"Vanjaar se opbrengs het tot 80 000 ton gestyg en die Ncera-perseel word as die beste in die land in terme van die gehalte van hul neute beskou," sê Hendricks.

In Willowvale is drie terreine van 300 ha elk, insluitend AmaJingqi, geïdentifiseer. In die Pondoland-gebied ondersoek Indibano tans gebiede wat die geskikste vir makadamiaplantasies is.

Mense in landelike gebiede, veral vroue en die jeug, is met vaardighede bemagtig wat hulle voorheen nie gehad het nie, sê Hendricks.


"My tevredenheid kom uit die feit

"Vanjaar het die opbrengs tot 80 000 ton gestyg en die Ncera-perseel word as die beste in die land in terme van die gehalte van hul neute beskou."

dat ek kan sien hoe lewens verander. Ek sien eens hoplose vroue wat nou in beheer van boorde is.... Dit maak my baie trots."

Sy sê voorts die sukses van die huidige makadamiaprojekte bewys dat welvaartskepping in landelike gebiede moontlik is.

"Ons het 'n verantwoordelikheid om mense uit armoede op te hef en seker te maak dat daar welvaartskepping in die landelike gebiede is om te keer dat kinders net hul heil in die stede gaan soek." ■



Makadamianeute van 'n goeie gehalte word op verskeie plekke in die Oos-Kaap gekweek.

Naaldwerkonderneming van krag tot krag

Albert Pule

Ntshepeng Mofokeng (34) wou van jong af nog haar eie onderneming besit. Ná matriek het sy 'n loopbaan in musiek oorweeg en die kleinhandel en bankwese probeer, maar die drang om 'n sakevrou te wees het nie weggegaan nie.

"Selfs toe ek besig was, was die droom om my eie onderneming te besit heeltyd daar. Nadat ek die bank verlaat het, het ek ernstig daaroor begin dink oor hoe om my droom te verwesenlik," sê Mofokeng.

Nadat sy besluit het op die tipe onderneming wat sy wou begin, het sy die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NJOA) om hulp met finansiering genader.

"Ek was baie skepties oor die NJOA weens al die stories wat ek al gehoor het."

"Maar ek moet sê, tot dusver, het hulle my verkeerd bewys en die hulp en leiding wat ek van hulle af gekry het, is wonderlik."

Haar onderneming, Tsa Motse Lifestyle Concepts het 'n subsidie van R50 000 gekry om die onderneming te begin.

"Ek was baie bly; trouens, ek

was in ekstase toe my onderneming gekies is, omdat dit bewys dat ek op die regte pad is en iets reg doen."

Mofokeng se onderneming maak gordyne, kussings, blindings, beddegoed en doen ook binnenshuise versiering. Sy het tans vier mense in diens; twee permanent en twee tydelik.


"My teikenmark is meestal privaat individue, nuwe huiseienaars, die gasvryheidsbedryf – veral groot hotelle. Dit is die rigting waarheen ek die onderneming wil neem."

Mofokeng sê voorts sy is van plan om na ander markte uit te brei.

Sy sê een van die grootste uitdagings wat sy as kleinsake-eienaar te bowe moes kom, is mededinging met goed gevestigde handelsmerke in die tekstielbedryf.

"Dit is 'n groot uitdaging, maar ons probeer ons kliënte te alle tye 'n unieke ervaring gee. Ons bied selfs aan om gordyne te was en bied 'n hoëvlak van professionaliteit, billike pryse en die wasdiens om 'n beter diens te lever."

Mofokeng sê sy sou graag haar maatskappy wou laat groei en meer werkgeleenthede in die toekoms wou skep. □



Ntshepeng Mofokeng het haar droom om haar eie onderneming te bedryf, bewaarheid danksy die NJOA.

•••

Visboer bereik sy droom

Sboniso Dlamini

Toe Bhekuyise Ngema in 'n seekoswinkel begin werk het, het hy 'n liefde vir vis ontwikkel wat hom aangespoor het om sy onderneming te begin. Ngema (51) is die eienaar van die Sofoco-visplaas in Mandeni, noord van Durban, KwaZulu-Natal.

Die varswatervisplaas is vernoem na die grootste rivier in die Mbizimbelwegebied in Mandeni, KwaZulu-Natal, en het 20 tonnels met verskillende soorte varswatervis. Die tonnels het 12 verskillende soorte koi en goudvisse, wat hy teel en verkoop om 'n bestaan te voer.

"Ek is lief vir wat ek doen en ek wou iets anders doen. Ek het my kennis as lood-



Bhekuyise Ngema gebruik 'n groentesak om die eiers na 'n ander tonnel te verplaas.



gieter en elektrisiën aangewend om 'n boorgat van 2 m te grawe en 'n tweedehandse pomp te installeer om water vir die tonnels te verskaf. Die boorgat lewer 165 liter

per minuut, maar ek kort nog twee waterpompe om die een wat ek het, by te staan. Visse het skoon water en ruimte vir suurstof nodig, so ek gebruik my kennis as

'n loodgieter om te verseker dat hulle kry wat hulle nodig het," het Ngema.

Ngema het in 2015 'n toegekoning vir kleinsakeonder-

"Ek probeer om jong mense te wys dat jy jou drome kan bereik, ongeag hoe sleg jou omstandighede is."

nemings gewen.

Hy bestee die meeste van sy tyd by die vis om hul welstand te verseker. Hy voer hulle, verwyder die eierrs en plaas dit in 'n ander tonnel, waar hulle bevrug word. Die bevrugte viseiers word dan na 'n ander tonnel verskuif.

Ngema sê hy hoop sy onderneming kan jong mense inspireer om hul eie onder-

nemings te begin.

"Ek probeer om jong mense te wys dat jy jou drome kan bereik, ongeag hoe sleg jou omstandighede is." Ek wil hê hulle moet weet dat 'n mens nie baie kapitaal nodig het om jou eie onderneming te begin nie; jy kan klein begin en dan groei. Jy kan nie iets kry as jy by die huis sit en niiks doen nie," sê Ngema.

Ngema se grootste doelwit vir sy besigheid is om te groei en groot winkels van vars vis te voorsien. Selfs al het die plaas Sofoco nie toegang tot 'n rekenaar of moderne tegnologie nie, hou hy met die hand rekord van al sy saketransaksies en ander papierwerk.

Hy sê op die oomblik moet sy kliënte die vis kom haal omdat hy nie 'n motor het om dit af te lewer nie. □